SONJA HERHOLDT

M usiek, M otivering & I nspirasie

Die Hartklop van ‘n Pêrelvrou

Dit is tans die naam van my musiekmotiveringsprogram en word gewoonlik by 'n vroue oggend / tee geleentheid aangebied. Ek het ook al in die verlede die program met groot sukses by aand funksies en ook geleenthede waar daar mans ook in die gehoor teenwoordig is aangebied.

Tydens hierdie program kombineer ek die funksie van 'n spreker en sanger(gaskunstenaar) en verpak dit in 'n musiekmotiveringsprogram. Ek put uit my lewenservaring en praat oor temas rondom vrouwees.

Ek deel bv my insig oor onderwerpe soos selfbeeld, waagmoed en onafhanklike-verantwoordelikheid.

Ek deel ook wenke en tegnieke om emmosionele en geestelike energie te herwin. As hoogtepunt sluit ek die program af deur erkenning te gee aan 'n besonderse persoon in die gehoor wat haar buitengewone omstandighede oorkom. Hiemee poog ek om te bewys dat dit moontlik is om die lewe te oorkom en dit bied geleentheid waar ons by mekaar kan leer en mekaar kan ondersteun.

Alhoewel die program motiverend en inspirerend is dink ek die beste beskrywing is dat dit 'n ervaring is. Dit duur net so 'n bietjie langer as 'n uur en waar tegniesmoontlik word dit as 'n multimedia program aangebied.

Die Hartklop van ‘n Pêrelvrou is 'n eerlike, openhartige program, propvol wyshede en waarhede, 'n ware inspirasie virelke vrou.